Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

18 Januarie 2026

Bedieningstema vir 2026: GKPO saam met God op pad ...

09:30 OGGENDEREDIENS:
Ds. Piet Venter

Ons as gemeente gaan ‘n baie besonderse jaar tegemoet. Dit is ‘n jaar waarin ons nuut moet dink oor die pad tot hier - veral in die lig van Sinodebesluite. Dit is egter ook ‘n jaar waarin ons DV gereed gaan maak vir ‘n oorgang van bedienaars van die Woord. Op hierdie oomblik weet ons dus nog nie mooi hoe alles gaan uitwerk nie en dit kan onsekerheid en spanning bring.

Die wonderlike troos is egter dat die Here met ons op pad is. Hy lei ons as gemeente op die pad wat Hy vir ons gekies het, net soos Hy elkeen van ons se persoonlike lewe lei en rig. Die Here ken die pad en daarom moet ons Hom met gehoorsaamheid en vertroue volg. Vanoggend se Woordbediening is dan die inleiding tot ons bedieningstema vir die jaar: Saam met God op pad…

Tema: God roep ons tot ‘n nuwe begin en hierdie roeping vra van ons volkome gehoorsaamheid en volle vertroue.

Lofsang voor die erediens
Lied 477: 1, 2; Lied 478: 1, 2, 3;
Ps. 84 – 1: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 108 – 1 : 1, 2; Votum; Seën;
Sing: Ps. 107 – 1 : 1, 3; Geloofsbelydenis:
12 Artikels – almal hardop saam.

Verootmoedigingsdiens
Sing: Skrifb. 9 – 1 : 1; Wet uit Eksodus 20;
Sing: Skrifb. 9 – 1 : 11; Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Genesis 11: 27 – 12: 20;
Teks: Gen. 12:1; Sing: Ps. 23 – 1:1
(Kleuters gaan na hulle bediening);
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes (Diakonie - Groot boks en GKSA: Sustentasie - Klein boks);
Sing: Ps. 105 – 1 : 4, 5; Seën; Amenlied
Sb. 13 - 2.

18:00 AANDEREDIENS:
Ds. Piet Venter

Ons is baie ingesteld op ons belewenis van die ou jaar wat tot ‘n einde kom en ‘n nuwe jaar wat aanbreek. Ons wens mekaar goeie wense toe en maak soms voornemens oor hoe ons in die nuwe jaar wil lewe. Dit is egter belangrik om by die wisseling van jare ook oor die Wederkoms na te dink. Elke jaar wat verbygaan is tog ‘n jaar nader aan die terugkeer van ons Here Jesus.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis se artikel 37 vestig ons aandag baie sterk hierop en om gereed te maak vir ons Here se terugkeer. Veral ook oor hoe ons moet leef tot dan. As daar dan een voorneme is oor hoe ons wil lewe, dan leer die Here Jesus dit vanaand vir ons met sy boodskap: Leef die liefde van God in jou geloofsdade.

Tema: Leef die liefde van God in jou geloofsdade.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 530: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 116 – 1: 1; Votum; Seën; Lofsang Sb. 1 – 1: 1, 2; Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 25: 31 – 26: 5;
Teks: Matteus 25: 40;
Belydenis: NGB artikel 37
Sing Sb. 10 – 1: 1, 2; Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes Liefdegawes (Diakonie - Groot boks en GKSA: Sustentasie - Klein boks); Sing Sb. 9 – 3: 2; Seën; Amenlied Sb. 13 – 3.

GEBEDSRIGLYN

Voorbidding vir die begin van die nuwe jaar 2026

Jaartema: *Saam met God op pad ...*

Laat ons die nuwe jaar begin in afhanklikheid van God en in vertroue op Sy leiding.

- Dank die Here dat Hy die lewende God is wat sy volk saam met Hom op Sy pad begelei, in elke seisoen van die lewe.
- Bid dat ons as gemeente nie vooruit sal hardloop of agterbly nie, maar sensitief sal wees vir God se stem en leiding.
- Vra vir wysheid, onderskeiding en gehoorsaamheid vir elke besluit wat hierdie jaar persoonlik, gesinsgewys en as gemeente geneem sal word.
- Dra almal wat met onsekerheid, vrees of verlies die nuwe jaar binnegaan, aan die Here op. Mag hulle God se nabyheid opnuut ervaar.
- Bid dat ons in hierdie jaar saam sal groei in geloof, liefde en getuienis, tot eer van God se Naam en tot uitbreiding van Sy koninkryk.

“Here, leer ons om in 2026 op U pad vertrouend saam met U te wandel, dag vir dag en tree vir tree. Wees vir ons ‘n Herder, dan het ons niks meer nodig nie (Psalm 23).

MEELEWING

- Marie Schoeman se ma is in die vakansie oorlede. Ons innige meegevoel met hulle familie.
- Joey Lubbe word steeds in Medikliniek vir bosluisbytkoors behandel.
- Simon du Plooy word steeds in Medikliniek se ISE behandel.

- Tobiana Willemse het ‘n beroerte gehad en is in Medikliniek se ISE behandel. Sy word oorgeplaas na multisorg om aan te sterk.
- Ons gemeente het ook die aflope vakansie beleef dat vier van ons lidmate na ons hemelse Vaderwoning verhuis het. Ons leef steeds mee met die families en vriende van Corrie du Plessis, Jan Schutte, Annatjie Duvenage en Poppie Opperman.

ONS BID DIE HERE OM GENESING EN UITKOMS VIR AL ONS LIDMATE WAT DEUR SIEKTE EN BEPROEWING GAAN.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET VOLGEHOUE SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianne Kruger, Mariana du Plessis, Elma Leijenaar, Emily Hefer, Jaap van der Walt en Evelyn Schutte.

BAIE GELUK AAN ONS MATRIEKS 2025

Baie geluk aan al ons matrieks met julle mooi uitslae. Ons is saam met julle en julle ouers baie dankbaar. Ons bid julle ‘n mooi jaar toe in die nuwe fase van julle lewe wat op julle wag!

BAIE DANKIE

Baie dankie aan almal wat meegeleef het met my verjaarsdag hierdie week. Dit is ‘n wonderlike voorreg om deel te wees van ‘n liefdevolle geloofsfamilie. Ds. Piet

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie: Opening met ouers en boekies
Koffie, tee en sap
18:00 Aanderediens

Maandag
17:00 Diakonie: DB
18:30 Bedieningsdg.

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Sustersbestuur

Woensdag
09:30 Bybelstudie
18:00 Katkisasie Belydenisklas
18:30 Bybelstudie: Studente en jong werkendes

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en GKSA: Sustentasie (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Diensbeurt: Groep 26 en 27.

WEEKSKATKISASIE

Die katkisasie op Dinsdae en Woensdae vir ons Graad 8 tot 11-katkisante sal eers oor ‘n week of twee begin. Ervaring het geleer dat die kinders eers hulle skoolroosters en roetine moet vasstel voordat ons klastye met mekaar kan reël.

BELYDENISKLAS

Die Belydenisklas kom wel eerskomende Woensdag om 18:00 bymekaar. Ons het die afgelope week ‘n baie opbouende belydenisklaskamp saam met GK Potch Die Bult beleef. Baie dankie aan ons ouers en klas om op so ongewone tyd te kon kamp.

2026 KATKISASIEKLASSE: Kategete en lokale

Gr. 1: Mia v Jaarsveld
Groot moederskamer

Gr. 2: Johan van Rooyen
Klein moederskamer

Gr. 3: Anneke Steenkamp
Elim

Gr. 4: Marnel Forster
Lokaal (2) middel

Gr. 5: Surina du Plessis
Studeerkamer

Gr. 6: Leonard Haasbroek
Hoofslaapkamer

Gr. 7: Chris Storm
Gastekamer

Gr. 8: Hendrik vd Walt
Lokaal (1) Verste v kerkkantoor

Gr. 9: Cindy du Plessis
Tweede slaapkamer

Gr. 10: Paul Smit
Lokaal (3) langs kerkkantoor

Gr. 11: Johan Bezuidenhout
Eerste slaapkamer

SINODE 2026

Die besluit van die Sinode insake VIDA het implikasies vir ons gemeente. Daar is baie emosies na alle kante rondom die saak in die kerkverband en op sosiale media aan die gang. Kom ons weerhou ons van enige skerp uitsprake of veroordeling en bid dat die Here leiding sal gee. Die kerkraad sal vergader en met u as gemeente in gesprek tree oor die pad vorentoe.

‘n Inligtingsaand oor die belangrikste besluite van die Sinode sal so gou as moontlik gehou word. Daar is bv. belangrike besluite oor Teologiese opleiding geneem, nuwe liedere en formuliere is goedgekeur en ander sake wat ons lewe as gemeente direk raak.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Maandag, 19 Januarie
Sr Marilie Eckley
Sr Luanke v As

Dinsdag, 20 Januarie
Br Jan-Ernst Oosthuizen (jr)

Woensdag, 21 Januarie
Br Francois de Villiers

Donderdag, 22 Januarie
Sr Marnel Forster

Vrydag, 23 Januarie
Sr Adele Erasmus

Saterdag, 24 Januarie
Sr Hester Lombard
Sr Joey Lubbe *****
Sr Larnè v As

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

AMANDELBLOEISELS

Almal word hartlik uitgenooi na die eerste byeenkoms van die Amandelbloeisels vir 2026 op Woensdag 11 Februarie om 10:00 in die Kerksaal. Almal wat nog jonk van gees is en wat daarvan hou om heerlik oor ’n koppie tee of koffie te kuier en oor interessante en relevante onderwerpe te besin, is baie welkom! Maak solank hierdie tydgleuf vas in jou skedule en lees volgende Sondag meer oor die tema van hierdie spesifieke byeenkoms.

BAIE DANKIE

Baie dankie aan Dirk Bloem wat as en die vervoer daarvan geskenk het om ons parkering netjies te maak. Baie dankie ook aan die Eiendomme-diensgroep wat gehelp het met die inry en netjies maak daarvan. Nou kan dit maar weer reën!

GKSA-NUUS

Beroep bedank
Ds N (Nardus) Buys van GK Bothaville na GK Kuruman.

KALENDER 2026
GKPO saam met God op pad…..

Die Kalender vir 2026 is beskikbaar in die voorportaal van die kerk en saal. Elke gesin kan een daarvan neem. Baie dankie aan Marike Grobler (née Venter) vir die pragtige ontwerp van hierdie jaar se kopstuk!

Onthou ook dat al die inligting elektronies op ons Google-kalender beskikbaar is en dat jy toegang daartoe kan kry op eie selfoon of rekenaar. Vra vir Adele in die kerkkantoor om jou daarmee te help. Dan is alles geïntegreer met jou eie program en beplanning.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK

SUSTERS

PSALM 46:5.
"GOD IS IN HAAR MIDDE, SY SAL NIE WANKEL NIE. GOD SAL HAAR HELP WANNEER DIE OGGEND AANBREEK."

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb. net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee en koffie word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.

Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Lorette Bester en groep 5, Hannelie Pieters en groep 14, Em Volschenk en groep 23, asook Elsie Buijs en groep 32.

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig. Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

BLIKKIES-WARMHARTE (WARM-HARTE WERK WONDERS)

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus daardie kleingeld wat julle opgegaar het, vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

SINODE TEE-SKINK: BAIE DANKIE

Baie dankie aan die susters wat tee geskink het by die Sinode! Ons waardeer julle opoffering en bereidwilligheid baie!

VOORLOPIGE KWARTAALPROGRAM

SUSTERS-JAARPROGRAM 2026				
EERSTE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
20 Jan	Dinsdag	18:00	Bestuur	Sustersbestuursvergadering
27-Jan	Dinsdag	18:00	Groepsusters	Groepsustersvergadering
24-Feb	Dinsdag	18:30		Sustersamekoms
7 Maart	Saterdag	09:00	Lys van susters	Sustersaamtrek: GK Wolmaransstad
15 Maart	Sondag	09:30	Alle susters	Belydenisaflegging
15 Maart	Sondag	18:30		Ouderlingverversings
22 Maart	Sondag	12:00		Nagmaalete

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237 (Let wel: Pastorie het nie meer 'n landlyn nie!)
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 067 713 2332 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters (Nuwe rek)
FNB
Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch